

15 April

Skrifgedeelte: Filemon 2:12-30
Fokusgedeelte: Filemon 2:12-18

Weerkaats die Here se lig in hierdie sondige wêreld

Ons lewe in 'n sondige en gebroke wêreld tussen ontaarde en korrupte mense [15]. Dit is mense wat van die Here af weggedraai het om hulle eie koppe te volg en te doen dit wat hulle wil.

Die Here roep ons om met eerbied en ontsag ons daarop toe te lê om soos verlore mense te lewe. Jy as gelowige moet opvallend anders leef en optree as die ontaarde en korrupte mense van die wêreld. God het jou reeds deur Christus verlos en jou sy kind gemaak. Hy maak jou ook deur die Heilige Gees gewillig en bekwaam om, soos 'n kind, sy wil uit te voer.

Die Here sê ook hoe 'n verlore mens moet lewe. Doen alles sonder kla of teëpraat. Dien Hom gewillig en met blydschap en entoesiasme. Lê jou daarop toe [13]. Wat moet buitelanders van jôu Here dink as jy oor alles kla en Hom teësinnig dien?

Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly as onberispelike kinders van God. Dit beteken: moet aan niemand rede gee om 'n vinger na jou te wys en oor jou te skinder nie. As dit gebeur, is dit nie net jôu naam wat in gedrang kom nie, maar ook jôu Here se naam.

So wil die Here jou gebruik as 'n lamp tussen ontaarde en korrupte mense wat in die duisternis lewe. Met woord en lewe moet jy sy lig in die wêreld uitdra en Hom adverteer.

Sing: Psalm 119:39,62

Ds C Krüger (Nelspruit)